



# DIE BURGER



Drie-en-negentigste jaargang

Heerenracht 40 Kaapstad Maandag 10 Maart 2008

Prys R4.50 (BTW ingesluit)

## LEES VANDAG

### Ds. Buys se laaste reis

'n Skinderstorie oor 'n buite-egtelike verhouding het dalk bygedra tot die selfmoord van ds. James Buys, voormalige moderator van die VGK. **NUUS/2**

### Toeriste by OTM bedreig

Twee Nederlandse toeriste is deur sewe mans omsingel en bedreig toe hulle geld by 'n OTM op Stellenbosch wou gaan trek. **NUUS/5**

## LEER EN PRESTEER



**DIE BURGER**  
Standard Bank learning channel LIBERTY LIFE

Vandag fokus die gereelde Leer en Presteer-bylae op leerders van gr. 10 tot gr. 12.

**GHOEIE HOOP ONDERDELE**  
Grootste reeks onderdele en bykomstighede vir motors, bakkes en vragmotors in die WP  
BRACKENFELL 981-4501/2 • 981-6009

## KAMPVEGTER

Hoewel Suid-Afrikaners volgens statistieke welvarender is, sukkel hulle om kop bo water te hou.

**LOTTO-NOMMERS**  
LOTTO-PLUS

## VANDAG SE WEER

18 °C/23 °C

Kaapstad: Bewolkte periodes met reën teen die namiddag. Weergids op bl. 4.

## WIE'S WAAR

Nuuswenke (bedags).....021 406 2815  
Nuuswenke (Boland).....021 887 8000  
Nuuswenke (saans).....021 406 2151  
Faks.....021 406 3965  
e-pos.....nuus@dieburger.com  
NetAds24.com.....021 405 1111  
Faks.....021 406 2943/406 2600  
Advertensies: Hoofkoerant.....021 917 7400  
Advertensies: Nis en Promosies 021 406 2725  
Faks.....021 406 2782  
Huisaflewering.....0860 2000 10  
e-pos.....diens@dieburger.com

## OM IN TE TEKEN

SMS die woord INTEKEN en jou adres na 31069. (50c per SMS)

Kry die jongste nuus by [www.dieburger.com](http://www.dieburger.com)



'n Polisieman rig 'n geweer op studente in die klopjag. Die videoregre in die boonste ry toon (kloksgewys) die vreedsame kuierery voor die klopjag, 'n vrou wat pepersproei in haar gesig kry, en polisie wat studente stamp en spuit. Op die foto's in die onderste ry is die sakkie dagga wat die polisie gevind het en twee studente wat pepersproei in die gesig gekry het. Foto's: JASON BOSWELL



## Dwelmklopjag: Polisie se hardhandige optrede skok

# Skriknag vir Maties

### Verskeie klagtes ingedien ná beweerde aanrandings

STEPHAN MATHEE  
EN JASON BOSWELL

**STELLENBOSCH.** – Die hardhandige optrede van die polisie in dwelmklopjagte in drie kuierplekke hier kan 'n draai in die hof maak nadat verskeie partytjiegangers klagte teen die polisie ingedien het.

Die klopjagte het vroeg Saterdagoggend in die Mystic Boer, Bohemia en die Springbok Pub plaasgevind. Volgens die polisie is dwelms in die drie plekke gevind.

Met die bestorming van die plekke is pepersproei op studente gesuit, skote op studente gevuur en is vroulike partytjiegangers glo deur manlike polisielede deursoek.

Twee internasionale deelnemers aan die pas afgelede Woordfees se skrywersgala het ook in die polisie-klopjag deurgeloop. Polisie-optrede is deur die Woordfees betreur, met vrese vir internasionale gevolge.

Kapt. Elliot Sinyangana, polisie-woordvoerder, het gesê die chaos omstreeks 01:00 Saterdagoggend was 'n dwelmklopjag wat ses stukkie ha-sjissj, 150 g dagga en 'n onbekende hoeveelheid kokaïen opgelewer het.

Hy het gesê niemand is in hegtenis geneem nie omdat die dwelms wat gevind is, in die klubs agtergelaat is. Hy het bygevoeg klagtes oor polisiegedrag sal deeglik ondersoek word.

'n Digter uit Vlaandere, Dirk van Bastelaere, en 'n Nederlandse skrywer, Tommy Wieringa, is deur die polisie op die grond gegooi toe hulle in Bohemia was, het prof. Dorothea van Zyl, feesdirekteur, gesê.

Sy was in aanraking met die polisie en die saak word ondersoek.

"Die Woordfees betreur die manier waarop oorsese gaste behandel is en hoop nie daar is reperkusies in die buiteland nie."

Die polisie het studente beveel om selfoon-beeldmateriaal van die klopjag te vernietig en volgens van die mense is hul selfone gebreek.

Beeldmateriaal wat op die webwerf [www.dieburger.com](http://www.dieburger.com) te sien is, wys

egter wat gebeur het. Video-opnames van kringtelevisiekameras in twee gewilde kuierplekke toon die polisie wat met vuurwapens instorm en sowel manlike as vroulike studente rondstamp sonder dat hulle weerstand bied.

Dit wys ook hoe die polisie pepersproei in studente se gesigte sproei terwyl hulle op die grond sit.

"Jy kan nie my vagina deursoek nie!" het 'n ontselde vroustudent volgens 'n kroegman in Bohemia uitgeroep en aangevoer sy word onbetaamlik deur polisielede betas.

Asmalers en diabetes het vertel hoe hulle deur die polisie verhoed is om mediese behandeling te kry.

Mnr. Jan Oberholzer, 'n mede-eienaar van Bohemia, het gesê daar is sedert die klopjag gate in die plafon van sy onderneming – "wat klaarblyklik koelgate is". Op die video-beeldma-

teriaal is dit duidelik hoe skote afgevuur word terwyl die polisie instorm. Sinyangana hou vol dat dit onwaar is dat skote afgevuur is.

Ooggetuies het vertel die polisie het deurgaans vuurwapens, met inbegrip van haelgewere en handwapens, by hulle gehad en dit gebruik om studente te dreig, te stamp en selfs te slaan.

Hoewel die polisie later gesê het die wapens was nie gelaai nie, is 'n patroon buite Springbok Pub van die straat verwyder nadat 'n polisieman sy wapen oorgehaal en die patroon uitgeglim het.

Mnr. Willem Coertzen, eienaar van Mystic Boer, wat vasgeboei is, in die gesig en met 'n vuurwapen gestamp is, het gesê die polisie het verlede jaar dieselfde soort dinge gedoen en daarmee weggekome. "Die verskil is dat ons hierdie keer videobewyse het."

**Praat saam**  
SMS jou mening na 31067  
SMS kos 50c vir Vodacom en Cell C,  
75c vir MTN

"Drie vriende het huilend uit Springbok (Pub) gehardloop, want hulle is onvanpas deursoek," het me. Erika Scott, 'n vierdejaar-dramastudent, vertel.

'n Regstudent, me. Gillian Armstrong, is volgens haar geslaan, met pepersproei bespuit en op die grond neergegooi. Ooggetuies het vertel hoe 'n vroustudent deur 'n polisielede geslaan is oor sy "in die pad was".

'n Geskokte vrou, wat haarself net as Adel geïdentifiseer het, het vertel hoe sy verskeie kere deur 'n polisie-beampte geslaan en geklap is.

Ooggetuies het vertel hoe 'n vrou aan haar hare oor die straat getrek is.

Nadat die polisie besef het dat foto's en video's op selfone vasgelê is, het hulle probeer om al die studente te dwing om die getuïenis te vernietig deur hulle met aanhouding te dreig.

• Nog berigte op bl. 2 en bl. 4.

Klagtes oor polisiegedrag sal deeglik ondersoek word.

## Vrou sien haar gesteelde selfoon in joggie se hand

HILDA FOURIE

**PRETORIA.** – 'n Pienk selfoon het byna twee jaar ná die moord op 'n huishulp 'n verdagte agter tralies laat beland.

Die verdagte, 'n petroljoggie, het die pienk foon in sy hand gehad toe hy onlangs brandstof ingetap het vir 'n vrou – na bewering die werklike eienaar van die foon.

Insp. Boetie Baloyi, van die Wierda-

brug-polisiekantoor in Centurion, het gesê dié selfoon is saam met ander besittings in Julie 2006 in 'n gewapende roof in Eldoraïne gebuit.

Terwyl die rowers die huis leeggedra het, het die huishulp, wat in die huis gewoon het, weens die lawaai wakker geword.

Sy het opgestaan en haar in die rowers vasgeloop. Hulle het haar koelbloedig in die kop geskiet.

Die rowers het weggekome. Sedertdien is die dossier van bakoord na stuurboord gestuur nadat dit aanvanklik eers deur die voormalige moord-en-roof-eenheid ondersoek is.

Die saak het egter momentum gekry sedert die oorlede huishulp se werkge- wer brandstof in haar motor laat tap het by 'n vulstasie in Centurion.

"Terwyl die petroljoggie brandstof in die motor ingegooi het, het die vrou 'n

pienk selfoon in sy hand opgemerk," het Baloyi gesê.

"Sy het met die man gepraat en gesê sy wil sy mooi foon behoer. Die vrou het gesien die selfoon is hare en dit dadelik by die polisie gaan aanmeld."

Vrydag is dié dossier aan Baloyi toegewys. Saterdag het hy met die klaer in die saak gaan praat en dieselfde middag is die joggie in hegtenis geneem.

Die joggie het glo aan Baloyi gesê hy

het die selfoon gekoop. In sy ondervraging het die joggie glo gesê hy kan só 'n voorval waarin 'n huishulp doodgeskiet is, onthou.

Volgens Baloyi is die petroljoggie óf deel van die moordbende óf in besit van gesteelde goedere.

Baloyi is op die spoor van die res van die verdagtes.

Insp. Ilze Jones, 'n polisiewoordvoerder, het die voorval bevestig.



## Skep 'n ekstra vertrek, met 'n uitsig!

Om skop u stoep in 'n bykomende vertrek met Thermowood ClearView Hortjies van Taylor. Elke stel word op bestelling vervaardig, om presies te pas en foutloos te funksioneer. Daar is geen staaf in die middel af om u uitsig te bederf nie – verstel een hortjie en almal beweeg saam.

ClearView Hortjies word geheel van uitgeperste PVC vervaardig wat in die VSA deeglik in nat én dor toestande getoets is. Dit is heeltemal teen vog bestand en sal nie bars, skeeftrek of skilfer nie.

Hierdie is nog 'n gehalte produk vir 'n geriefliker lewe, beskikbaar net van Taylor!

**TAYLOR**

Die beste gehalte blindings!

HOISLAAN 10, MONTAGUE GARDENS • TEL (021) 552 5080 FAKS (021) 552 2710

